Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 JANUARIE 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Cloete, C M (ANC)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Ds J O'Kennedy van die NG-Moedergemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker wens teenwoordigers 'n voorspoedige 2016 toe en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die afgevaardigde van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal, mnr D Botha.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Desember en Januarie verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl F S Humphreys.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die Speaker om geleentheid aan die einde van die vergadering te verleen om 'n toespraak te lewer – sien item 8.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 NOVEMBER 2015

Besluit/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 November 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN ‘N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 9 DESEMBER 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl L Traut, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 9 Desember 2015 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN ’N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 12 NOVEMBER 2015
saamgelees met
NOTULE VAN ’N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 4 NOVEMBER 2015

5.2 NOTULE VAN ’N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 9 DESEMBER 2015
saamgelees met
NOTULE VAN ’N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 2 DESEMBER 2015

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN ’N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 5 NOVEMBER 2015

6.2 NOTULE VAN ’N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 10 DESEMBER 2015

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2014/2015 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1 MY)

‘n Afskrif van die konsep jaarverslag vir die 2014/2015 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA ter tafel gelê en sal tydens ‘n spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2016 – nadat dit vir publieke vertoë geadverteer is – voorgelê word vir oorweging in terme van artikels 129 en 130 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die Uitvoerende Burgemeester versoek raadslede om van hierdie geleentheid gebruik te maak om die jaarverslag deeglik te bestudeer, aangesien dit as die "bragbook" van Swartland Munisipaliteit beskou kan word.

Die Uitvoerende/...
7.1/...

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om enkele hoogtepunte uit die jaarverslag toe te lig, en wens ook die Weskus Distriksmunisipaliteit geluk met die skoon oudit wat verkry is.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2014/2015 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2016 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
- twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 31 Maart 2016 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 31 Maart 2016.

7.2 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die MFMA bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer.

Die Munisipale Bestuurder wys die Raad daarop – met verwysing na die waterkrisis – dat die moontlikheid bestaan dat kapitaalprojekte sal moet oorstaan om plek te maak vir alternatiewe metodes om water aan gemeenskappe te voorsien.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die onderprestasie ten opsigte van die spandering van die kapitaalbegroting daaraan toegeskryf kan word dat fondse wat deur die Provinsiale Regering toegeken was, nie betyds of glad nie oorbetaal is nie. In die vervolg sal enige fondse vanaf die Nasionale en Provinsiale regerings eers in die begroting reflekteer wanneer dit ontvang word.

Die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasie-evaluasie het op 20 Januarie 2016 voor die Uitvoerende Burgemeester gedien en word vir kennisname ter tafel gelê.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2015/2016 finansiële jaar.

7.3 AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/1/4, 5/1/1/1-12/13, 5/1/1/2-12/13)

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om ingevolge artikel 28 van die MFMA die Aansuiweringsbegroting vir die 2015/2016 finansiële jaar ter tafel te lê.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die verslag en verwys na die vereistes waaraan ‘n aansuiweringsbegroting moet voldoen.

Op navraag van rdl Zatu rakende die onderspandering van fondse vir rampbestuur, bevestig die Munisipale Bestuurder dat toegekende fondse vanaf die Provinsiale Regering te laat ontvang is, maar dat die fondse wel in die nuwe finansiële jaar spandeer is.

Rdl D B Philander teken beswaar aan dat daar nogsteeds fondse aan Korjon oorbetaal word vir okkupasiehuur, terwyl hierdie fondse vir behuising aangewend kan word. Die Munisipale Bestuurder – in antwoord hierop – verduidelik dat die Munisipaliteit onder 'n wetlike verpligting staan om nie die persone op Korjon-eiendom af te sit nie, en dat daar in proses is om alternatiewe grond in Chatsworth te bekom. Alle grondwerk – omgewingsimpakstudies, ens. – is reeds gedoen om gereed te wees om aansoek vir die behuisingsprojek by die Departement: Menslike Nedersettings in te dien sodra die volmag ontvang word.

Die Munisipale Bestuurder noem ook – op navraag van rdl D B Philander – dat die donasie van R1,5 miljoen wat in die aansuiweringsbegroting weerspieël 'n gedeelte van die R5 miljoen skenking vanaf PPC is vir die rioolsuiweringswerke in die Riebeek Vallei.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die virement van fondse tussen kapitaalprojekte (soos aangedui in Aanhangsel A) t.o.v. die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2015/2016, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2015/2016 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;

(b) Dat die wnd Direkteur: Finansiële Dienste opdrag gegee word om die nodige statutêre dokumentasie af te handel in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

(c) Dat die aansuiweringsbegroting geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2015/2016 finansiële jaar nie, maar wel 'n positiewe vermindering in die tekort van -R14 886 996 tot -R6 590 592;

(d) Dat die ongemagtigde bestedings soos hierbo vermeld ingevolge artikel 32 van die MFMA na die 2015/2016 Aansuiweringsbegroting verwys word;

(e) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie goedgekeur is t.o.v. die 2014/2015 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2015 (Aanhangsel C);

(f) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2015/2016 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting	Aansuiweringsbegroting
Kapitaal:	R 92 885 408	R 87 151 437
*Bedryfsuitgawe:	R 579 331 647	R 605 248 171
*Bedryfsinkomste:	R 564 444 651	R 598 657 579
Surplus/(Tekort):	(R 14 886 996)	(R 6 590 592)

**Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend bereken word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.*

7.4 RAADSLIDVERGOEDING: 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Die Munisipale Bestuurder noem dat – met verwysing na die afkondiging van raadslidvergoeding in die Staatskoerant 39548 gedateer 21 Desember 2015 – daar voortdurend op alle moontlike platforms beswaar daarteen gemaak word dat die afkondiging te laat geskied.

Die Munisipale Bestuurder meld dat SALGA 'n vergadering op Vrydag, 29 Februarie 2016 gereël het om die raadslidvergoeding ingevolge die staatskoerant toe te lig, en indien nodig sal 'n werkwinkel met raadslede gereël word om enige onduidelikhede uit te klaar.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van een raadslid) –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die verhoging van toelaes van voltydse raadslede met 5,5% en deeltydse raadslede met 6% soos afgekondig in Staatskoerant 39548 gedateer 21 Desember 2015, terugwerkend vanaf 1 Julie 2015;

(b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2015/16 finansiële begroting gemaak is om die voormelde verhoging te dek;

(c) Dat voormelde goedkeuring, met inbegrip van die bewyse van bekostigbaarheid aan die LUR voorgelê word ten einde te voldoen aan die oorlegplegingsvereistes en dat die “Affordability Verification Certificate” deur die Munisipale Bestuurder gesertifiseer word;

(d) Dat die inhoud van Aanhangsel C tot die verslag herbevestig word;

(e) Dat kennis geneem word van ‘n versoek dat raadslede wat spesiale risikodekking verlang, die vereiste besonderhede teen nie later nie as Vrydag, 6 Mei 2016 aan die kantoor van die Direkteur: Finansiële Dienste moet voorlê ten einde met ingang vanaf 1 Julie 2016 vir sodanige dekking te kan kwalifiseer;

(f) Dat raadslede wat reeds hul eie spesiale risikodekking het, ook sodanige inligting aan die Direkteur: Finansiële Dienste moet verklaar teen nie later nie as Vrydag, 6 Mei 2016.

7.5 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

BESLUIT

(a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van ‘n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 3 Februarie 2016 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

7.6 IMPLEMENTERING VAN STRENGER WATERBEPERKINGSMAATREËLS (16/1/1/7)

Die Raad het op 9 Desember 2016 waterbeperkingsmaatreëls met onmiddellike effek ingestel, sowel as 'n verhoging van 10% in watertariewe met ingang van 1 Februarie 2016.

Alle aanduidings/...

7.6/...

Alle aanduidings is daar dat 'n waterkrisis onafwendbaar is, en aangesien die 10% waterbeperkings nie die gewensde uitwerking gehad het nie, kan die Raad nie anders as om vlak 2-beperkings in te stel nie.

Die Uitvoerende Burgemeester gee statistieke deur aangaande die damvlakke wat drasties daal. Rdh van Essen noem dat die moontlikheid ondersoek word om, indien die situasie nie verbeter nie, 'n beperking te plaas op waterverbruik. Wetstoepassingsaksies sal verskerp word om enige oortreders van die waterbeperkingsmaatreëls streng aan te spreek.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N S Zatu)

(a) Dat die Raad die bestaande waterbeperkingsmaatreëls (soos goedgekeur op 9 Desember 2014) herroep en dat goedkeuring verleen word vir die implementering van die volgende waterbesparingsmaatreëls met onmiddellike effek in ‘n poging om Vlak 2 (20%) waterbesparings te bewerkstellig:

(1) Die gebruik van drinkwater om tuine, sportvelde, parke en enige ander grasbeplante areas nat te maak of te besproei, word tussen 08:00 en 17:00 daagliks verbied;
(2) Die gebruik van drinkbare water om enige harde of geplaveide oppervlaktes af te spuit word verbied;
(3) Tuinslange wat nie oor ‘n selfsluitmeganisme beskik nie, mag nie onbeman gelaat word wanneer tuine, parke, sportvelde of ander areas natgemaak word nie;
(4) Tuinslange wat vir die was van voertuie, bote en karavane gebruik word, moet oor ‘n outomatiese selfsluitmeganisme beskik;
(5) Alle outomatiese spoelurinale moet afgedraai word in alle geboue gedurende tye wanneer die publiek en/of personeel sodanige geboue normaalweg verlaat;

(b) Dat die beperkings in paragraaf (a)(1) tot (5) nie sal geld:
(i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
(ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en ‘n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op ‘n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat, ten einde verbruikers te help om hul waterverbruik met 20% te sny, ‘n kwota bereken word vir elke huishouding (ook besighede) om op die diensterekening aangetoon te word, gebaseer op die gemiddelde verbruik vanaf November 2014 tot April 2015;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word, in oorlegpleging met die wnde Direkteur: Finansiële Dienste om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(e) Dat die volgende 20% watertariefaanpassing wat reeds as deel van die begrotingsproses vir implementering in noodtoestande deur die Raad op 28 Mei 2015 goedgekeur is, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende Maart 2016 vir betaling teen 31 Maart 2016 (met ander woorde vir Februarie-verbruik) gelewer sal word:

<u>Ten opsigte van huishoudelike verbruikers</u> –

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 5 kl	Gratis
6 tot 30 kl	R12,25 plus BTW
31 tot 60 kl	R16,87 plus BTW
Meer as 60 kl	R26,12 plus BTW

7.6/...

Ten opsigte van besighede (ingesluit skole, regeringsinstelilngs en sportklubs) – R17,41 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

(f) Dat ‘n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word en ook per hand aan individuele huishoudings uitgedeel word;

(g) Dat die Direktoraat Beskermingsdienste wetstoepassing sal verskerp om nakoming van die beperkende maatreëls te verseker;

(h) Dat die implementering van ‘n boperk op waterverbruik, wat huishoudings (en moontlik ook besighede) tot ‘n maksimum toelaatbare verbruik sal beperk, ondersoek sal word, in samehang met die moontlikheid van boetes (addisioneel tot die verhoogde watertariewe) wat verbruikers opgelê kan word by oorskryding van die gemelde boperk.

8. MEDEDELING DEUR UITVOERENDE BURGEMEESTER: SWARTLAND VERKLAAR OORLOG TEEN RASSISME

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om 'n betoog te lewer met die onderwerp: "Swartland verklaar oorlog teen rassisme".

As agtergrond verwys rdh T van Essen na die onlangse menings oor rassisme in die sosiale media en die feit dat dit moontlik nie die meeste Suid-Afrikaners se opinie weerspieël nie. Ingevolge 'n meningspeiling deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge is die meeste Suid-Afrikaners eerder bekommerd oor die ekonomiese toestand van Suid-Afrika en heersende misdaad.

Rdh T van Essen noem, aldus skrywer dr Leon Schreiber, dat Suid-Afrikaners, maar veral die middelklas, hulle stembande ontdek het en te kenne gee dat hulle siek en sat is daarvoor dat Suid-Afrika na byna 22 jaar van demokrasie steeds gekenmerk word deur ongelykheid, werkloosheid en armoede.

In die jongste uitbarsting van openbare woede die afgelope weke het die soeklig opnuut op rasseverhoudinge geplaas. Die twyfelagtige toppunt hiervan was toe die *regerende party* advertensieborde oor werkloosheid as rassisties uitgekryt het.

In die artikel – "Ons land is voor 'n kruispad" vra dr Schreiber of hierdie golwe van protes en moeiliker rasseverhoudinge goed of sleg is vir die land? Die antwoord op hierdie vraag sal met die munisipale verkiesings bekend word en is die 2016 se Plaaslike Verkiesing daarom ongetwyfeld die belangrikste sedert 1994.

Die werklikheid is dat die huidige opvlamming van betogings en gespanne rasseverhoudinge die onvermydelike gevolg is van die mislukte regeringsbesluite waarmee ons tans leef. Ons is 'n samelewing wat vasgevang is in 'n struktuur van wanbestuur, blatante korrupsie en ekonomiese ineenstorting. Die eerste stap in enige poging om hierdie verval reg te ruk, is vir kiesers om by die stembus te wys dat hulle die kwaal korrek kan diagnoseer.

[Die verteenwoordigers van die ANC verlaat die lokaal, nadat daar beswaar deur rdle Philander en Cloete aangeteken is dat die Uitvoerende Burgemeester buite orde is, deurdat die toespraak polities van aard is en dat die regerende party in 'n swak lig gestel word. Rdl Philander noem ook dat die Speaker buite orde is om dit toe te laat. Die Speaker beslis dat die Uitvoerende Burgemeester voortgaan om die toespraak te voltooi.]

Die Grondwet bevat die waardes, regte en beginsels van die samelewing waarna ons streef, maar steeds sukkel om by uit te kom. Deur iemand egter die kleed van "rassis" om te hang, is 'n bedenklike metode om so 'n persoon sy morele spreekreg te ontneem. 'n "Rassis" word oor dieselfde kam geskeer as 'n misdadiger.

Rdh T van Essen beklemtoon dat "Ons moet nooit toelaat dat – soos dit sekere partye en sekere mense pas – die beste is dat wit en swart mekaar haat nie. Ons agterkleinkinders verdien beter. Ons kan hierdie nasie herbou en weer groot maak vir alle rasse. Ons toekoms hang daarvan af.

Daarom is daar nie by Swartland plek vir rasssisme nie en verklaar ons vandag hier oorlog teen rasissisme, maar behou ons vryheid van spraak deur korrupsie, nepotisme, wanbestuur en ekonomiese ineenstorting van 'n eerste burger wat nie die ekonomie verstaan nie, te opponeer en te kritiseer."

Rdh Van Essen noem dat Swartland Munisipaliteit reeds 'n geruime tyd gelede met 'n inisiatief begin het om alle diskriminerende bepalings uit wetgewing, verordeninge en beleide te verwyder.

Met voormelde as agtergrond noem rdh Van Essen dat daar wel steeds baie verskille sal wees, maar dat almal een ding sonder twyfel in geneem het – 'n gemeenskaplike toekoms. Of daardie toekoms 'n samelewing sal inhou wat verenig of verdeeld is, gaan van elkeen van ons afhang.

'n Beroep word gedoen om saam te staan en nie toe te laat dat die reënboognasie en gemeenskappe uitmekaar gedryf word nie. Met die volgende woorde sluit rdh T van Essen die betoog af en versoek raadslede en amptenare om 'n belofte te onderteken ter bevestiging dat Swartland Munisipaliteit nie rassisme sal duld nie –

"Almal is God se skepsels, al is hulle ook van 'n ander ras, praat 'n ander taal en het 'n ander geloof. Jy hoef nie altyd met ander se gewoontes en gelowe, se manier van dink en doen saam te stem nie, maar jy moet leer om ander mense te respekteer en te verdra, ongeag velkleur, taal of gewoontes."

GETEKEN:
SPEAKER